

**Maandag 16 Oktober**

**Skrifgedeelte: Romeine 12:9-21**

**Fokusgedeelte: Romeine 12:17-21 (AFR83)**

**Die goeie uitwerking van jou goed doen**

Mense wat ons benadeel en teenoor ons vyandig optree, verwag 'n bepaalde negatiewe reaksie van ons kant af. Die laaste ding wat die persone van jou verwag, is dat jy sal aanhou goed doen teenoor hulle en aanhou om liefde teenoor hulle uit te leef.

Persone wat vyandig teenoor jou is, kan daarom diep geraak word deur jou onverwagse liefde en goeddoen aan hulle. Met 'n aanhaling uit Spreuke 5:21, 22 word in vers 20 gestel dat as jy vir jou vyand iets gee om te eet wanneer hy honger is en iets gee om te drink wanneer hy dors is, "maak jy hom vuurrooi van skaamte". Meer letterlik word daarna verwys dat jy vurige kole op sy kop sal ophoop.

Ons onverwagse goeddoen aan ons vyande deur die kragtige inwerking van die Heilige Gees kan 'n wonderlike en positiewe uitwerking op hulle hê. Die Here kan ons voorbeeld gebruik om hulle aan te raak in hulle harte en lewens. Hulle kan begin nadink oor hulle optrede, selfs skaam word daaroor en hulle vyandigheid beëindig. So sal die woorde van vers 21 'n werklikheid word, omdat jou volhardende goeddoen die kwaad oorwin het.

Voortdurend behoort ons ook te bid vir ons vyande soos wat ons Here Jesus ons geleer het in Matteus 5:44. Ongelowiges kan uiteindelik selfs tot geloof kom in die Here, omdat hulle so diep getref is deur die werk van die Here in mense. Mense wat hulle in liefde bly behandel het, terwyl hulle so lelik met hulle was. Hulle kan in Jesus as Verlosser begin glo, Hy wat in liefde aangehou het om goed te doen teenoor sy teenstanders en selfs sy lewe kom aflê het in die plek van sondige mense wat die ewige dood verdien het.

*Sing: Psalm 86-1:3, 6*

*Ds. L du P van der Vyver (Wicus) (Silverton)*